TORRABAAI

deur Tom Dreyer, 2020

gif uit ‘n knorhaan se rugvinstekel
versprei deur my pols my pa laat looi
met die landcruiser een hand op my skouer
al is ek 35 ons gee gas terug na torrabaai die veld
gestippel met mesem en perdeklou ek is af en toe
weer 22 ‘n psigiater suggereer elekro-konvulsiewe
terapie maar ek keer terug na torrabaai en uanib
en ons drink windhoek in die glimmende oggend
‘n knorhaan doen sy ding stil-stil
ek het niemand ooit vertel van my aand
by die reservoir of dat die swart water so
kil soos skroot was nie ek drink my anafranil
en my pa rus op tietiekop langs ‘n klein kanniedood